# Spanje, Portugal & Switserse Alpe-toer

## 21 Mei tot 10 Junie 2027

Kom saam op ons **21-dae** gekombineerde ***Spanje & Portugal Bootvaart-toer*** en ons unieke ***Switserse Alpe Treintoer***! Besoek Barcelona, Palma Majorca, Valencia, Motril, Gibraltar, Seville, Portimao en Lissabon met die ***NORWEGIAN DAWN***. Daarna volg ons trein-avontuur van nege dae in Switserland. 'n Voordeel is dat ons toer in die lae-seisoen Europese lentetyd (met gematigde temperature) val, met heelwat minder toeriste as in die somertyd. Die spesiale groepstarief beloop **R82 990** per persoon.

### ***Reisplan***

**Vrydag, 21 Mei** **KAAPSTAD / JOHANNESBURG → BARCELONA**
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vroegaand na Europa. Oornag aanboord na aandete. Ons land vroegoggend in **Barcelona**, in die Catalonia-provinsie van Spanje.





***Antoni Gaudí***, wat in 2026 100 jaar gelede oorlede is, se fassinerende ***Sagrada Familia Katedraal*** en ***Park Guell***

**Saterdag tot Sondag, 22-23 Mei** **BARCELONA**

- Busvervoer vanaf die lughawe na die Barcelona-hotel en vanaf die hotel na die hawe.
- Een nag verblyf in 'n sentraalgeleë hotel, met ontbyt ingesluit.
- 'n Halfdag stadstoer na 'n paar van Barcelona se hoogtepunte. Daar sal beslis ook tyd wees om met die gewilde *La Rambla* voetganger-straat te stap vanaf *Placa de Catalunya* tot by die Christopher Columbus monument!

**Sondag, 23 tot Sondag, 30 Mei** **AGT DAE BOOTVAART OP DIE *NORWEGIAN DAWN***

- Alle maaltye en vermaak, asook hawe-belastings is ingesluit.
- Opsionele land-ekskursies is beskikbaar en ons sal bystand verleen om dit so billik as moontlik te maak.

Die gesaghebbende ***Cruiseline*** skryf as volg oor die ***NORWEGIAN DAWN***:
"Norwegian cruises are known for their innovative, world-class entertainment, and *Norwegian Dawn* lives up to that reputation with a stacked lineup of fantastic shows and specialty acts. From a mock singing competition where passengers get to vote on the winner to the visually dazzling ELEMENTS!, which combines magic, dance, and aerial performances, Dawn's onboard entertainment is first-rate.
*Norwegian Dawn* also includes plenty of activities to satisfy the active traveler, with its lap pool and full-service gym. After a workout, cruisers can enjoy a muscle-relaxing soak in one of the ship's six conveniently located hot tubs."





The ***Norwegian Dawn*** operates ***Freestyle Cruising***. The most obvious difference between *Freestyle* and traditional cruising, is that the *Norwegian Dawn* has a wide selection of different restaurants available for meals on a flexible basis to suit guests, rather than the rigid two sitting system. Guests can plan their evening around what they want to do, rather than around fixed mealtimes.

Die **reisplan** is as volg:

- **Sondag**: Vertrek om **17:00** vanaf **Barcelona**.
  Ons bus sal ons reeds om 12:30 by die ***NORWEGIAN DAWN*** besorg, sodat daar kans is vir 'n eerste heerlike middagete aanboord!

- **Maandag**: Besoek **Palma Majorca** van **07:00** tot **21:00**.
  "On the one hand, this city, founded by the Romans some 2,100 years ago, is replete with (literally) wall-to-wall history and architectural splendor. You can journey back in time and wander the mazes of alleyways and cobblestone paths that surround the Gothic cathedral. On the other hand, Palma is bustling with life, showcasing the island's best restaurants, shops, nightlife and a vibrant art scene."
  Dit is nie nodig om 'n ekskursie teen addisionele koste in Palma Majorca te doen nie. Neem net die *shuttle* vanaf die kaai na die hartjie van die ou stad en die Gotiese Katedraal.

- **Dinsdag**: Besoek **Valencia** van **07:00** tot **16:00**.
  "Old world charm meets modern architectural wonders in this eclectic city that is steeped in art and culture. Wander through bustling Gothic plazas and explore the awe-inspiring City of Arts and Sciences, a museum and cinema complex designed by world famous architect *Santiago Calatrava*. Whether you choose to shop, sightsee, or people-watch, Spain's third largest city offers visitors a truly authentic European experience."
  18:00: 'n Gesamentlike ete is vir ons groep bespreek in die ***Venetian Restaurant***.



Bekoorlike ***Valencia*** se ou stad...



...en ***Valencia*** se nuwe stad!

- **Woensdag**: Besoek **Motril** van **10:00** tot **24:00**.
  "Motril is a magnificent Spanish gem on the Mediterranean coast. The relaxing sands of Playa de Torrenueva are a great place to spend a sunny day. For some inland exploring, head to the Cueva Del Capitan for a fantastic nature hike. There's also plenty of history waiting to be experienced in the city. Stop by the Santuario de Nuestra Señora de la Cabeza to see a 17th-century church surrounded by incredible panoramic views. Then head to the Pre-industrial Sugar Cane Museum to learn all about the region's staple crop."

- **Donderdag:** Besoek **Gibraltar** (deel van die Verenigde Koningkryk) van **08:00** tot **15:00**
  "Go to Gibraltar to discover just how impressive rock can be. From the top of the Rock (over 400 metres up), you can admire the view across the Mediterranean and up the peninsula into Spain. Explore St. Michael's Cave, a fascinating cavern once lived in by Neolithic peoples and visited by early Romans. Browse through shops filled with embroidered linens from Madeira or go see to the famed Barbary Apes."
  Dit is maklik om vanaf die kaai te stap en die kompakte stadskern te verken. Dit is dus nie nodig vir 'n ekskursie teen addisionele koste nie.



Die bekende ***Rots van Gibraltar***



***Seville*** *verras 'n mens om elke hoek en draai!*

- **Vrydag**: Besoek **Cadiz (vir Seville)** van **07:00** tot **19:00**
  "Indulge in the culture of Andalusia's capital of Seville and visit its stunning Cathedral, one of the largest in the world. Stop and taste the tapas and smell the orange blossoms during a stroll down the winding Medieval lanes. But be sure you leave time to visit the breathtaking Plaza de Espana." Ons gaan beslis 'n privaat-ekskursie, met ons eie bus, vir die dag na Seville reël, want dié stad is een van die hoogtepunte van ons toer!

- **Saterdag**: Besoek **Portimao (Portugal)** van **07:00** tot **18:00**
  "Located on the sun-kissed coastline of Algarve, Portimão is a colorful city with a bustling waterfront and a charming city center decorated with parks and plazas. History buff? The Museum of Portimão traces human settlement in the area as far back as the Roman and Islamic periods. And if you want to be one with nature, we recommend taking a scenic boat ride up the coast and along the Rio Arade, where you will enjoy the beautiful views and hidden caves to discover."
  Die hawe is net 2,4 km vanaf die die stadskern geleë en 'n mens kan 'n *shuttle* gebruik om in die stad te kom.
  18:00: 'n Gesamentlike afskeidsete is vir ons groep bespreek in die *Aqua Restaurant.*



Kleurvolle ***Portimao***, Suid-Portugal



Die **Belem-toring** in **Lissabon** dateer uit die 16de eeu

**Sondag, 30 Mei tot Dinsdag, 1 Junie** **LISSABON**

Ons arriveer reeds vroegoggend om 06:00 in Lissabon, Portugal se hoofstad sedert 1147. Na 'n laaste ontbyt aanboord moet ons die ***Norwegian Dawn*** groet!
Ons doen 'n besigtigingstoer van Lissabon se hoogtepunte. Sien onder andere die *Belem-toring* en die indruk-wekkende *Monument of Discoveries*. Daar sal ook tyd wees vir 'n paar tipiese Portugese inkopies.

> "An unforgettable stop on any European cruise, with its Gothic cathedrals, medieval castle, and quaint village neighborhoods, Lisbon is Portugal's feature attraction and has been the country's capital since 1147. Wander the narrow cobblestone streets of this city at your own leisurely pace and enjoy!"

Vroegmiddag besorg ons bus ons by die baie sentraalgeleë ***Ibis Styles Lisboa Centro Marquês de Pombal Hotel***, waar ons die volgende twee nagte oorbly. 'n Heerlike buffet-ontbyt is elke oggend ingesluit en ons het tyd om Lissabon verder te verken.

**Dinsdag, 1 Junie** **LISSABON → GENÈVE**

Laatoggend reis ons na die Lissabon-lughawe, vir ons vlug na Genève. ***SwissAir*** vertrek om 14:30 vanaf Lissabon en arriveer om 17:55 (na 'n 2½-uur vlug) in Genève, Switserland.
Die treinstasie is by die lughawe en ons eerste treinrit duur net ongeveer ses minute vanaf die lughawe na ons hotel by die Genève *(Gare de Cornavin)*-stasie. Ons bly die volgende drie nagte oor by die netjiese ***Cristal Design Hotel***.

**Woensdag, 2 Junie** **GENÈVE**

Na ons eerste Switserse ontbyt ontmoet ons in die voorportaal om saam hierdie mooi stad te verken. Ons besoek onder andere die blomme-horlosie (bestaande uit 6 500 plante) in die *Jardin Anglais, die Jet d'Eau,* wat water 140 meter in die lug opskiet en die besondere *Cathédrale St-Pierre*, wat dateer uit die elfde eeu en geleë is in die ou deel van die stad. Die bekende kerkhervormer, *Johannes Calvyn*, het gereeld tussen 1536 en 1564 daar gepreek.
Laatmiddag besoek ons die treffende *Broken Chair* monument in die Verenigde Nasies-gedeelte van die stad, of gaan op 'n bootrit op die Genève-meer (koste ingesluit by ons *Swiss Travel Pass*).



***Die Jet d'Eau, 'n Genève-landmerk sedert 1951***



***Die Zytglogge in Bern se ou stad***

**<u>Donderdag, 3 Junie</u>** **GENÈVE → BERN → MONTREUX →GENÈVE**

Na 'n lekker Switserse ontbyt loop ons net oor die pad na die stasie vir ons treinrit na **Bern**, wat ongeveer twee ure duur. Bern is Switserland se hoofstad en dit is maklik om die stad te voet te verken vanaf die stasie. Ons stap deur die middeleeuse Ou Stad, wat 'n Unesco Wêrelderfenis gebied is. Sien die *Zytglogge* (*clock tower*), *Albert Einstein* se woonplek in die begin van die twintigste eeu en stap oor die Aare-rivier na *Barenpark*, waar die wel en weë van 'n paar bere beskou kan word. Bern se naam kom van bere!

Op pad terug na Genève reis ons na die skilderagtig-geleë **Montreux**. Daar is geleentheid om *Freddie Mercury* se standbeeld te sien, asook om die *Queen Studio Experience* te besoek.

**<u>Vrydag, 4 Junie</u>** **GENÈVE → CHUR**

Na ontbyt moet ons sak en pak vertrek van die weste na die ooste van Switserland! Ons treinrit volg 'n ander roete as gister en ons ry verby die Lacde Neuchâtel-meer en die Bielersee. Die treinrit duur ongeveer vyf ure. Vroegmiddag arriveer ons in die mooie **Chur**, Switserland se oudste stad. Ons bly die volgende vyf nagte oor in die besondere ***Ambiente Freieck Hotel.*** Die hotel is net sewe minute se stap vanaf die stasie in die hartjie van Chur se ou stad geleë. Die hotel is gebou in 1575 en verskeie kere vernuwe. Ons het kans om die ou stad te verken.

Ons het ook vanmiddag kans om die Brambrüesch-berg te bestyg met 'n kabelkar-rit.

**<u>Saterdag, 5 Junie</u>** **CHUR → LUZERN → ALPNACHSTAD → BERG PILATUS → CHUR**

Na ontbyt stap ons 'n entjie na die stasie vir ons treinrit van ongeveer twee ure na die skilderagtige **Luzern**, geleë by die Luzern-meer. Ons het tyd om die dorp te verken en oor die bekende *Kapellbrücke* (wat dateer uit die veertiende eeu) te stap. Daarna vertrek ons per boot oor die Luzern-meer (ook bekend as die Vierwoudstede-meer) na **Alpnachstad** vir 'n wonderlike **Berg Pilatus**-ekskursie. Ons ry met die wêreld se steilste tandrat-trein tot bo, met asemrowende uitsigte oor die omliggende Alpe-berge. Berg Pilatus het veral bekend geword nadat Koningin Victoria die berg te perd bestyg het in die negentiende eeu. Die hoogste piek is 2132 meter hoog.

Laatmiddag keer ons terug na ons Chur-tuiste.



***Ons unieke hotel in die hartjie van Chur***



***Stap saam oor Luzern se bekende Kapellbrücke***



***Berg Pilatus-ekskursie***



***Zurich, Switserland se hoofstad***

**<u>Sondag, 6 Junie</u>** **GLACIER EXPRESS: CHUR → ANDERMATT → ZURICH → CHUR**

Na nog 'n Switserse ontbyt vertrek ons op die beroemde ***Glacier Express*** om 09:26 vanaf Chur na **Andermatt** (waar ons teen 12:08 arriveer).

> *Travel through the unspoilt natural beauty of a landscape rich in ancient, fragrant mountain streams and valleys, soaked in tradition and centuries old culture. Enjoy a journey in the world's slowest express train! Throughout your journey, you will hear fascinating background information and stories about the route over the train's information system.*

Vroegmiddag vertrek ons vanaf Andermatt na **Zurich** (ongeveer twee ure per trein), om iets van hierdie besige stad te beleef. Dit is weereens maklik om vanaf die stasie, wat in die hartjie van die stad is, langs die Limmat-rivier te stap tot teenaan die Zurich-meer. Daar sal nie tyd wees om Zurich se meer as 50 museums en 100 kunsgallerye te besoek nie, maar ons sal beslis 'n deel van die stad beleef! Die *Lindt Home of Chocolate* is ook 'n besoek werd.

Vroegaand vertrek ons terug na Chur (die treinrit duur ongeveer 'n uur).







**Maandag, 7 Junie** **CHUR → VADUZ (LIECHTENSTEIN) → MAIENFELD / AROSA / LANDQUART → CHUR**

Na ontbyt vertrek ons per trein en bus na **Vaduz**, die hoofstad van **Liechtenstein** (met 'n totale bevolking van net 39 500). Liechtenstein is op die grens tussen Switserland en Oostenryk geleë – net 25 km lank en 12 km breed! Daar is tyd om die kompakte stad te verken. Die woord wat jy die meeste hier sal hoor is "*Hoi!*" (hallo).

> ***Vaduz** is the capital of Liechtenstein and also the seat of the national parliament. The city, which is located along the Rhine River, has 5,696 residents. The most prominent landmark of Vaduz is Vaduz Castle, being perched atop a steep hill overlooking the city. It is home to the reigning prince of Liechtenstein and the Liechtenstein princely family. The city's distinctive architecture is also displayed in landmarks such as the Cathedral of St. Florin, Government House, City Hall, the National Art Gallery, as well as the National Museum.*

Na ons besoek aan Vaduz is daar drie opsies om van te kies:

→ Besoek **Maienfeld**, waar die oorspronklike *Heididorf* is. Die 300-jaar oue *Heidi's House* was die inspirasie vir die wêreldbekende storie van Heidi, wat Johanna Spyri tussen 1880 en 1881 daar geskryf het.
Dit is 'n entjie se stap van ongeveer 40-minute om by die oorspronklike *Heididorf* uit te kom, maar diegene wat nie so ver wil stap nie kan die spesiale Heidi-winkel in die mooie Maienfeld-dorp, naby die stasie, besoek.
→ Maak die spesiale treinrit na die skilderagtige dorp **Arosa** (ongeveer 'n uur se ry vanaf Chur), hoog in die Alpe, mee.
→ Besoek die *Designer Outlet Village Centre*, met meer as 70 interessante winkels, net langsaan die **Landquart**-stasie (ongeveer 10-minute se ry vanaf Chur).

**Dinsdag, 8 Junie** **BERNINA EXPRESS: Chur → Tirano (Italië) → Chur**

Na ontbyt wag daar nog 'n hoogtepunt op ons: 'n treinrit op die ***Bernina Express!*** Beleef die treinrit deur 55 tonnels en oor 196 brûe vanaf Chur tot in Tirano op die hoogste treinspoor in Europa!

> *Travel along the highest railway line in the Alps. Enjoy sensational views of the Alps, from the high towering glaciers of the mountains, to the valleys below, all from fabulous panoramic windows on the train. The wonders of nature and the cultural achievements of man merge into one of the best ways ever to experience the Alps and this UNESCO World Heritage site!*

Die *Bernina Express* vertrek om 08:17 vanaf Chur-stasie en arriveer om 12:49 in **Tirano**, in Italië. Ons het ongeveer 90 minute tyd om Tirano te voet te verken. Tirano het bykans 10 000 inwoners en is geleë in die provinsie Sondrio in Lombardië. Die Adda-rivier vloei deur die stad. Daar sal tyd wees om tipiese Italiaanse pizza of pasta te eet teen 'n billike koste!
Om 14:24 vertrek ons terug vanaf Tirano met die *Bernina Express* en arriveer om 18:31 in **Chur.**


*Tirano in Noord-Italië*



*Die wêreldbekende Bernina Express*

**Woensdag, 9 Junie** **CHUR → ZURICH →**

Na 'n laaste Switserse ontbyt het ons 'n laaste paar uur om die mooie en interessante **Chur** te geniet. Ons ken die paadjie vanaf die hotel na die stasie nou al goed en laatoggend is dit tyd vir ons laaste treinrit in hierdie ongelooflike land. Ons vertrek sak-en-pak na die **Zurich-lughawe**, vir ons terugvlug na Suid-Afrika. Die treinrit duur ongeveer twee ure en daar is elke dag 'n keuse van 52+ treine op dié gewilde roete.
Vanaand word aandete op ons vlug bedien.

**Donderdag, 10 Junie** **→ JOHANNESBURG /KAAPSTAD**

Vroegoggend word ontbyt op ons vlug bedien. Na 'n onvergeetlike avontuur in ***Spanje, Portugal & Switserland***, land ons in Johannesburg en Kaapstad.

## INGESLUIT BY DIE TOERKOSTE:

- ✓ Internasionale vlugte in die ekonomiese klas tussen Johannesburg & Barcelona en Zurich & Johannesburg. Daar is 'n addisionele koste van R1 850 vir die retoervlug vanaf en na Kaapstad.
- ✓ Streeksvlug in die ekonomiese klas tussen Lissabon en Genève.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ 'n Agt-dae bootvaart vanaf Barcelona na Lissabon met die ***Norwegian Dawn***. Akkomodasie in "*inside staterooms*" met alle maaltye, vermaak en hawe-belastings ingesluit.
- ✓ Verblyf vir een nag in 'n sentraalgeleë hotel in Barcelona, met ontbyt ingesluit.
- ✓ Besigtigingstoer van Barcelona, asook vervoer tussen die lughawe/hotel/hawe.
- ✓ Besigtigingstoer van Lissabon, asook busvervoer na die Internasionale lughawe.
- ✓ Bystand om die land-ekskursies tydens die bootvaart so billik as moontlik te maak.
- ✓ Twee nagte in die *Ibis Styles Lisboa Centro Marquês de Pombal Hotel*, met ontbyt ingesluit.
- ✓ Verblyf vir agt nagte in twee uitgesoekte hotelle in Genève en Chur (soos in die reisplan aangedui).
- ✓ Ontbyt elke dag.
- ✓ Alle besigtiging soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ 'n Agt dae *Swiss Travel Pass* (ter waarde van R9 200), met onbeperkte reise per trein, bus en boot.
- ✓ Gewaarborgde treinritkaartjies vir die *Glacier Express* en die *Bernina Express*.
- ✓ 'n Berg Pilatus-ekskursie met 'n tandrat-trein en kabelkar-rit.
- ✓ Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.

## LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- ➢ Die toerkoste van **R82 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Maart 2026 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings. Dit is gebaseer op 'n wisselkoers van $1 = R17 en van CHF1 = R21.
- ➢ Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer/kajuit verlang is op aanvraag beskikbaar.
- ➢ Die bybetaling vir 'n opgradering na 'n venster-balkon beloop **R6 290** per persoon en die bybetaling vir die opgradering na 'n balkon-kajuit beloop **R17 370** per persoon.
- ➢ Visumkoste van ± **R1 900** vir 'n Switserse Schengenvisum, asook ongeveer **R500** vir die hanteringskoste aan die die visum-aansoeksentrum, is nie ingesluit by die toerkoste nie. Ons sal help met inligting oor die Schengen visum-aansoeke en die nodige dokumente aan almal verskaf.
- ➢ Gelukkig het ons nie 'n aparte visum vir Gibraltar (wat deel is van die Verenigde Koninkryk) nodig nie.
- ➢ Begroot tussen **R3 000** en **R6 000** vir opsionele land-ekskursies vir die bootvaart (afhangende van hoeveel jy wil spandeer). Ons sal dit so billik as moontlik probeer aanbied.
- ➢ Verpligte diensfooie van ongeveer **R2 380** vir die bootvaart is nie ingesluit by die toerkoste nie.
- ➢ Billike en omvattende groeps-reisversekering van ***Santam*** is beskikbaar vir alle toerlede onder die ouderdom van 70 jaar teen **R740** vir die 21 dae (vir diegene ouer as 69 jaar is daar 'n hoër tarief).
- ➢ Ten minste 18 passasiers moet deurgaans saamreis.
- ➢ Indien daar probleme met die bespreking van een van die genoemde hotelle mag ontstaan, sal daar van 'n soortgelyke hotel gebruik gemaak word.
- ➢ Toerlede moet in staat wees om hulle eie bagasie by die stasies te hanteer en redelike ente te kan stap.
- ➢ 'n Deposito van **R14 500** moet so gou as moontlik vereffen word om 'n plek op die toer te verseker en akkomodasie by die genoemde hotelle te bevestig. Die deposito-bedrag is hoër as vir ons ander toere ~ die rede daarvoor is dat die individuele vlugkaartjies met bespreking uitgereik moet word.
- ➢ Die balans van die reisgeld moet **voor 6 Februarie 2027** vereffen word.
- ➢ Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

## HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by

Nedbank: 119 1533 964 Tak: *George* Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* Tipe rekening: Lopende/Besigheids Verwysing: **SP227**/ en u van

Kontak die toerleier, ***Gerhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
*Tel nr:* 082 767 8400 *Faks nr:* 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za

VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995

Switzerland.
by train, bus and boat.